NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
8 OKTOBER 2026
JAARGANG 19 – UITGAWE 38

Blitspos

Die eerste, tweede en laaste gelui

As predikant van die Hervormde Kerk het ek met 'n paar interessante kosters te doen gehad. Elkeen van hulle het sy eie beleid oor die lui van die kerkklok gehad. In die Hervormde Kerk is die lui van die kerkklok die heilige plig van die koster, en die hoogtepunt van die week se werk.

Maandag begin gewoonlik met 'n ernstige gekla oor die stof op die banke, en die groot werk om die kerk, die saal, die terrein en die toilette in stand te hou en skoon te maak. Maar Sondag – met die tou in die hand en die klokke wat roep: *Kom sondaars, kom kerk toe, bring kollekte saam* – maak al die moeite werd.

In die Bosveld was die klokbeleid dat die eerste gelui stiptelik een uur voor die erediens moet begin. Stiptelik om 08:00 het die klokke begin beier. Die tweede gelui was om 08:30, die derde gelui om 08:45 en die laaste om 09:00. Met die laaste lui het die voorleser eerste in die kerkgebou ingegaan. Ek het gevolg, met die res van die ouderlinge agterna. Met die instap het die ouderling-voorleser plegtig omgedraai en my 'n handdruk gegee. Dit was (en is) tekenend van die feit dat die predikant op uitnodiging van die kerkraad en gemeente in die gemeente die Woord bedien. Die ouderlinge moet oor die Woordverkondiging toesig hou, sodat geen dwaalleer verkondig word nie.

Dit laat my dink aan die Hervormde predikant wat iewers in die noorde van die land 'n probleem met die kinderdoop ontwikkel het. Hy het toe een Sondag besluit om in die prediking sy besware teen die kinderdoop aan die gemeente bekend te maak. Nadat hy sowat tien sinne oor die doop gepraat het, het een van die eerbiedwaardige ouderlinge opgestaan, rustig teen die trappe van die kansel opgeklim, sy hand op die skouer van die predikant gesit en vir hom gesê: *Dominee, jy het nou klaar gepreek, jy kan maar gaan sit.* Die ouderling het hom streng aangekyk terwyl hy van die kansel weggestap het. Nadat die predikant beteuterd en verdwaas gaan sit het, het die ouderling van die kansel af vir die gemeente gesê: *Ek sluit vir ons die erediens met die gebed af, en dan kan julle maar huis toe gaan.* En dit is wat gebeur het. Nodeloos om te sê, het die predikant in die daaropvolgende week sy amp neergelê en die Kerk verlaat.

Die verhaal onderstreep hoe ernstig ouderlinge hul toesig oor die Woordverkondiging opgeneem het. Dieselfde erns was sigbaar in die kerklike gebruike rondom die klokke en die instap van die kerkraad. In die stad het die klokbeleid egter 'n bietjie anders gewerk. Die bure het oor die gelui van die klokke gekla – veral ná 'n lang Saterdag met allerlei feestelikhede. Dáár moes die koster maar tevrede wees met 'n gelui om 08:30 en 'n laaste gelui wanneer die kerkraad instap. Soos gebruiklik het die ouderling-voorleser voor gestap, waarna die ouderlinge regs van die predikant en die diakens links hulle plekke ingeneem het. Dié orde geld sedert die Kerkhervorming: die ouderlinge sit regs, naby die kansel, waar hulle goed kan hoor en sien, en gereed is om toesig oor die prediking te hou. Die diakens sit links en kyk met 'n barmhartige oog na die gemeente om te sien wie nie die erediens bywoon nie. Waarom is oom Piet byvoorbeeld nie daar nie? Miskien is hy ernstig siek. Die diaken moet gaan vasstel watter ellende die mense getref het en waarom hulle nie die erediens kon bywoon nie.

Selfs in die stad, ten spyte van die bure wat altyd moeg was, het die kerkklok 'n enorme uitwerking gehad: dit het 'n gewyde stemming geskep. Een Sondag het ek, terwyl ek preek, 'n nuwe gesig tussen die lidmate opgemerk. Ná die erediens het ek die besoeker ontmoet, en gevra hoe hy by ons uitgekom het. Hy het geantwoord: *Dominee, die kerkklok het vir my gewys waarheen om te gaan.* Hy het 'n lidmaat van die gemeente geword omdat ons die enigste gemeente in die omgewing was wat nog Sondag die kerkklok gelui het. As die kerkklok beier, het hy geweet dat hy in 'n ware kerk sit waar die Here teenwoordig is en die Woord verkondig word.

Ek het daardie selfde belewenis elke keer as ek kerkklokke hoor lui. In Europa is daar klokke wat al vir 'n duisend jaar elke Sondag lui. Op groot feesdae, soos Kersfees en Paasfees, lui die klokke onophoudelik. In sommige stede, soos in Emden in die noorde van Duitsland, begin die koster al op Vrydagaand om 18:00 met die eerste gelui. My blyplek in Emden was net 50 m vanaf die kloktoring. Wanneer die klokke vir 'n halfuur aaneen beier, vibreer die hele woonstel. Dan besef 'n mens dat geslagte gelowiges na dieselfde klokke geluister het en word jy diep bewus van God se teenwoordigheid. Dieselfde klokke het ook tydens die Kerkhervorming gelui, toe die eerste volwaardige Hervormde sinode in 1571 in Emden sitting geneem het.

Daar is ook gebreekte klokke. Die klok van die klein klipkerkie tussen Sedgefield en Knysna, waar ek elke Sondag preek, is gekraak en lui nie meer nie. Baie klokke het stil geword. In die Marienkirche in Lübeck, waar my voorouers 300 jaar gelede nog aanbid het, lê die reuse klokke gebroke by die ingang van die kerkgebou. Hulle lê al sedert 5 September 1944 daar. Aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog het die Britse en Amerikaanse bomwerpers groot dele van Duitse stede vernietig. Ontelbare kunswerke, kerkgeboue en kloktorings is vernietig. In Lübeck is die gebroke klokke 'n stil getuienis en herinnering aan die verwoesting wat oorlog meebring.

Dalk moet kerke wêreldwyd weer hulle klokke met oorgawe laat beier in protes teen oorlog en geweld, maar ook as helder getuienis van God se teenwoordigheid in die wêreld.



Prof Wim Dreyer
(Emeritus/Outeniqua)

VINNIGE NUUS

- LIEF EN LEED
- VERJAARSDAE
- VERGADERINGS
- GEMEENTES EN BEDIENING (GEEN)
- WERKGELEENTHEDE (GEEN)
- KERKLIKE EN ANDER PUBLIKASIES
- KOM KYK EN LUISTER SAAM (GEEN)
- LIED VAN DIE WEEK
- 'N GEDAGTE
- FONDSINSAMELINGS EN KERKSAKE
- SP ENGELBRECHT-MUSEUM
- TOERUSTING
- BARMHARTIGHEID
- GEBED VIR DIE WEEK

> Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief *hier* vir meer inligting en voorwaardes.

> Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings wat deur skrywers uitgespreek word, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.



Ontdek wat in die NHKA leef en gebeur! Besoek ons webblad by ***www.nhka.org*** vir nuus, inspirerende stories en inligting oor ons gemeentes en kerkwees. Kom loer gerus in en bly deel van die gesprek.

www.nhka.org

Stuur nuus, berigte en kort kommentaar na: **taal@nhk.co.za**

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos aan: **bladuitleg@nhk.co.za / grafies@nhk.co.za**

LIEF EN LEED

Die Kerk wens graag vir **prof Ananda Geyser-Fouché** geluk met haar aanstelling as departementshoof van Ou Testament by die Universiteit van Pretoria.



Hartlike gelukwense gaan aan **mev HI (Hettie) Rautenbach**, weduwee van ds JAP van Tonder, en moeder van di Stephan en Johan van Tonder, wat op 15 Oktober 99 jaar oud word. Mag u 'n geseënde lewensjaar beleef.

VERJAARSDAE

Die volgende predikante verjaar tot **16 Oktober**. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.







Vrydag 9 Oktober	Maandag 12 Oktober	Maandag 12 Oktober	Maandag 12 Oktober
Prof WA (Wim) Dreyer	**Ds GDJ (Gert) Macdonald**	**Ds BC (Barrie) Oberholzer**	**Ds M (Milanki) van der Walt**
Emeritus/ Outeniqua	Nelspruit	Grootfontein/ Tsumeb	Namib-Suid

VERGADERINGS

Vrydag
16
Oktober
Moderamen

KERKLIKE EN ANDER PUBLIKASIES

Die Kerkkalender vir 2027, wat deur die afdeling Kerklike Kommunikasie vir gebruik in ons gemeentes voorberei is, is ***hier*** op die Kerk se webblad beskikbaar.

Die kalender bevat inligting oor die kerklike feesdae, openbare vakansiedae, skooltermyne en spesiale geleenthede wat vir die hele Hervormde Kerk van belang is. Gemeentes kan hul eie gemeenteprogram daarop invul en die kalender in gedrukte of elektroniese formaat onder hul lidmate versprei. U kan ook die kerklike feesdae ***hier*** aflaai.

In die **Oktober 2026-uitgawe van *Die Hervormer*** fokus **ds Leon Geel**, voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, op die rol van die Tussenkerklike Raad. Hy verwys na die onwilligheid van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika om deel te neem aan gesprekke met die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Kerk. **Ds David Barnard** wys in sy redakteursbrief op vier faktore wat tot die drastiese groei in die vroeë Christelike kerk bygedra het. Hy noem dat die voortbestaan en potensiële groei van die kerk van vandag heel moontlik kan baat by nadenke oor hierdie vier faktore. **Di Hannes van der Merwe en Iwana Kruger** vertel meer van die werksaamhede van die VONKK-werkgroep, wat onlangs by Gemeente Pretoria-Oos vergader het.
Dr André Ungerer tree in gesprek met prof Natie van Wyk oor sy jongste drie boeke, en **dr Daan van Wyk (jr)** stel die leser bekend aan dr Daan van Wyk (sr) se laaste boek, *Die koninkryk van God: Perspektiewe op die eindtyd*. Benewens die verspreiding van die gedrukte weergawe van Die Hervormer word die artikels van elke uitgawe **op die Kerk se webblad geplaas**, en 'n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes beskikbaar gestel. Klik ***hier*** om *Die Hervormer* aanlyn te lees.

Bybelse Dagboek
in GROOTDRUK

Die inhoud is identies aan die *Bybelse Dagboek*-gedeeltes van die bestaande *Almanak en Bybelse Dagboek*.

Hierdie boek word slegs op aanvraag gedruk en geen voorraad is vooraf beskikbaar nie.

Hou asseblief in gedagte dat daar 'n produksietyd is, so aflewering kan 'n paar dae neem.

R290 (versending uitgesluit)

Bybelse Dagboek en Almanak

Belangrike inligting oor die Hervormde Kerk én 'n inspirerende Bybelse dagboek in een omslag.

R200 (versending uitgesluit)

Bestel by boekwinkel@nhk.co.za

Om die Bybel (beter) te verstaan

Hierdie is 'n herdruk van dr Gert Malan se boek, *Om die Bybel (beter) te verstaan*. Die publikasie is daarop gemik om lidmate te help om die Bybel verantwoordelik te lees en die boodskap daarvan beter te begryp.

Plaas u bestelling voor einde Oktober om u eksemplaar nog gedurende hierdie jaar te ontvang.

R80

Kontak vir Sarie by **boekwinkel@nhk.co.za** vir navrae oor pryse en voorraad.

Plaas u bestelling voor einde Oktober om u eksemplaar nog gedurende hierdie jaar te ontvang.

R160 (versending uitgesluit)

Ná die gewildheid van Volume 1 volg 'n tweede bundel Gedagtes vir die Dag.

Hierdie opvolgboek bou voort op dieselfde beginsel: daaglikse oordenkings uit die NHKA *Bybelse Dagboek*, saamgevat om u te laat stil word, na te dink en moed te skep.

Of u elke dag 'n gedagte lees of af en toe daarin blaai – mag Volume 2 ook vir u 'n getroue metgesel op u geestelike reis wees.

Kontak vir Sarie by **boekwinkel@nhk.co.za** om u bestelling te plaas.

LIED VAN DIE WEEK

luister *hier*

Lied 476 – 'n Vaste burg is onse God

'n Vaste burg is onse God,
ons skuil in Hom, die sterke.
Hy is 'n vesting in die nood
vir ewig staan sy werke.
Al kom die Bose aan
in sy oorwinnaars-waan,
ons weet by al sy lis,
sy lot is reeds beslis
God self stel aan hom perke.

Gord ons met eie krag ons aan
dan is die stryd verlore.
Oorwinning is alreeds behaal
deur Een daartoe verkore.
Vra u sy Naam, so weet
dat Hy die Christus heet;
gaan Hy voor in gevaar,
Heer van sy leërskaar,
nooit is die stryd verlore!

Al storm hul ook van elke kant,
die hel se leërmagte,
die Een wat sterker is, hou stand,
Hy sterk ons swakke kragte.
Al veg hy met sy lis,
die vors van duisternis,
ons vrees geen dood of hel;
sy vonnis is gevel,
ons is sy val te wagte.

God hou sy woord altyd in stand,
geen mag kan dit laat wyk nie.
Hy hou ons veilig in sy hand,
sy trou sal nooit beswyk nie.
Al eis die Bose dan
hier alles wat hy kan,
dit bring hom geen gewin
ons gaan die hemel in,
hy roof ons nooit Gods ryk nie.

Oktober is Hervormingsmaand!

In Oktober herdenk ons die Kerkhervorming. Hervormingsondag vind vanjaar op 25 Oktober plaas. Wanneer ek aan hierdie besondere Sondag dink, kom **Lied 476 – 'n Vaste burg is onse God** – eerste by my op.

Die oorspronklike teks:
Martin Luther het hierdie Duitse lied, *Ein feste Burg ist unser Gott*, in 1528 na aanleiding van Psalm 46 geskryf. Dit is egter nie slegs 'n skrifberyming van die psalm nie, aangesien Luther ook evangeliese elemente daarin opgeneem het. Hy het geglo dat 'n kerklied nie net lerend nie, maar ook verkondigend moet wees. Dit moet die evangelie van Christus op 'n treffende en blye wyse hoorbaar maak. Luther het boonop gesê dat slegs teologie en musiek 'n rustige hart kan skep.

Gedurende 1526 tot 1527 het Luther 'n onstuimige tyd in sy lewe beleef. Baie van sy vriende het aan die pes omgekom, terwyl hy self hart- en nierprobleme ondervind het. Dit het vir hom gevoel asof die duiwel hom aanval en daarom het hy skuiling by die Here gesoek. 'n Burg is immers 'n toevlugsoord en daarom het Luther die Here as sy vaste burg beskou. Hierdie Bybelse waarheid het opnuut troos en bemoediging vir hom gebring en hy wou dit met dié lied verkondig.

In 1868 het JJL ten Kate die lied redelik getrou vir die *Vervolgbundel van die Nederlandse Hervormde Kerk* vertaal. Die lied het egter eers in 1944 ingang in ons Afrikaanse kerke gevind. Attie van der Colf het dit vir sowel die 1978 *Psalm- en Gesangebundel* as die 2001 *Liedboek van die Kerk* nagesien.

Die komponis:
Dele van die melodie kan ook herlei word na die lied *Silberweise (Silwerwysie)* van Hans Sachs (1494-1576), 'n meestersanger van sy tyd. Aanvanklik het die meeste reëls van Luther se lied met kort note begin en groter ritmiese verskeidenheid getoon. Mettertyd het mense dit egter met ewe lang note begin sing. Met hierdie melodie wou Luther die gedagte tuisbring dat God vir almal 'n skuiling in tye van nood is.

Martin Luther het eenmaal gesê dat musiek 'n gawe en geskenk van God is wat die duiwel verdryf en mense vrolik maak. Hierdie besondere lied van hom illustreer dit duidelik.

Luister ***hier*** na die Duitse weergawe en klik ***hier*** vir die Afrikaanse weergawe.

Ds Waldo Pretorius
(Ventersdorp)

GEDAGTE

Hou jou venster oop

Miskien probeer jy nog skuil teen koue wind wat huil.
Dit het ongevraagd kom waai en diep onrus in jou gemoed kom saai.
Dalk het geloof net nog 'n woord geraak en probeer jy sin van die chaos in jou maak.
Luister... maak jou venster op 'n skrefie oop en hoor nog die Lied van Lewenshoop:
die Gees van God sal om elke koue wind kring en weer vrede en rus in jou bring.
By Hom sal jy wysheid vind om jou chaos betekenisvol vas te bind.
Hou net jou venster oop.
In geloof kan jy met vaste treë bly loop.

Anoniem

FONDSINSAMELINGS EN KERKSAKE

vertel ons

Vertel ons asseblief van **geleenthede** by jul gemeentes.
Stuur asseblief die besonderhede na: **taal@nhk.co.za**.

9 OKT

GEMEENTE SELCOURT: GHOLFDAG

Gholfkarretjies en 'n heerlike middagete is ingesluit.

R2 850 per vierbal
R1 000 borggeld per bof

Pollakpark Gholfklub

072 260 1415 (ds Dalene)

10 OKT
SLUIT

GEMEENTE OOS-MOOT

Wen 'n vakansie vir ses persone (vier volwassenes en twee kinders onder 12 jaar) in 'n selfsorgeenheid by Dikhololo in die Brits-distrik van 7 tot 11 Desember 2026. Die trekking vind tydens Gemeente Oos-Moot se Magaliesfees op 10 Oktober 2026 plaas.

Kaartjies kos R100 per inskrywing.

E-pos **kompetisie.nhk.oosmoot@gmail.com** vir meer besonderhede.

10 OKT

GEMEENTE KAAPSTAD: POTJIEKOSFEES

Kom geniet 'n heerlike dag saam met ons. Potjiekosbestellings sal teen 12:30 gereed wees. Smul lekker aan pannekoek, kerrie-en-rys, Hollandse krokette, poeding en vetkoek. Kuier in die teetuin en koop 'n plant of twee. Besoek gerus ons Krap-en-koop.

Preekpunt Tygerberg by ME Rothmanstraat 29, Parow-Noord

083 263 7596 (De-Mara)

17 OKT

SEESTERGEMEENTE BRACKENHURST: KLIPWERF ORKES

Kom koop heerlike boereworsrolle en geniet die aand saam met ons en die Klipwerf Orkes.

R150 per persoon of
R1 500 per tafel

Alberante Autobody, Voortrekkerstraat Repair Centre

011 868 3625 (Kerk)
of 082 449 2274

22 OKT

GEMEENTE SWARTKOP: GHOLFDAG

Kom geniet 'n dag van uitstekende gholf, goeie geselskap en betekenisvolle ondersteuning vir die bediening van Gemeente Swartkop.

R5 500 per vierbal plus twee gholfkarretjies ingesluit
R1 000 borggeld per bof
R5 500 borggeld per bof plus vierbal

The Els Club, Copperleaf

079 776 7442 (Lourens)
083 399 5122 (Lorna-Mari)

24 OKT

GEMEENTE KEMPTON PARK-OOS: BIKES & BEETLES-BASAAR

Kom deel, verkoop en geniet 'n fantastiese dag vol pret vir die hele gesin.

082 924 7344 (ds Anneline)

25 OKT

GEMEENTE KEMPTEN: VOICES DIVINE

Kom geniet die klanke van Voices Divine. Gratis koffie sal verskaf word.

R150 per persoon

Gemeente Kempten, hv Blouborsie- en Lorethastraat

083 725 3066 (bespreek by Elize)

30 en 31 OKT

GEMEENTES KURUMAN, KATHU EN POSTMASBURG: KALAHARI-KUIER IN AFRIKAANS

Kom luister na 'n propvol verhoogprogram.

Maak 'n draai by die kuiertent. Kom geniet twee dae van musiek, kuier, lekker kos en egte Afrikaanse gees onder die Kalahari-son!

Besoek **www.kkak.org.za** vir meer inligting, kaartjies, uitstal- en kosstalletjiebesprekings.

Sivos Sportgronde, Kathu

SP ENGELBRECHT-MUSEUM

SP ENGELBRECHT MUSEUM

Reis terug in tyd by die SP Engelbrecht-museum!

Ontdek kosbare kerk- en kultuurskatte en bring familie en vriende saam.

Besoeke per afspraak: **R40** per persoon.
Bespreek by **ds Johann de Bruin:**
082 733 3951 of **careljohann@gmail.com**.

TOERUSTING

WEBINAAR: WET OP BASIESE DIENSVOORWAARDES

Aanbieder: Mnr Simon Kotzé
Tydsduur: 90 minute

- **Dinsdag 17 November om 09:00**
  https://teams.microsoft.com/meet/364988089989566?p=YS51MTOBy5i4LnT6LR
  ID: 364 988 089 989 566
  Toegangskode: zN6Ab3Bw
- **Donderdag 19 November om 19:00**
  https://teams.microsoft.com/meet/39060071764078?p=UzliQOc9c5a94mTVVX
  ID: 390 600 717 640 78
  Toegangskode: x8Cb9m9K

Sylvia Michel-prys 2027: Aansoeke vir die Sylvia Michel-prys 2027 het geopen. Die prys bevorder en ondersteun projekte wat vroue voorberei vir leierskapsposisies in Gereformeerde kerke wêreldwyd en word in samewerking met die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke (WGGK) en die Protestantse Kerk in Switserland (PKS) toegeken.

Die WGGK moedig geskikte vroueleierskapsinisiatiewe aan om aansoek te doen. Hulle wil veral projekte uit alle streke van die wêreldwye Gereformeerde familie bereik. Die **sluitingsdatum** vir aansoeke is **31 Januarie 2027**. Meer inligting is ***hier*** beskikbaar.



Uitnodiging deur die Werkgemeenskap Historiese Teologie (SA) in samewerking met die Departement Sistematiese en Historiese Teologie van die Universiteit van Pretoria

Die ver-beelding en ver-woording van geloof
in kuns, musiek, letterkunde en argitektuur

Deur die eeue heen het beeldende kuns, musiek, letterkunde en argitektuur 'n kragtige rol gespeel in hoe die kerk geloof verbeeld en verwoord. Kom sluit aan by hierdie insiggewende konferensie waar daar saam nagedink word oor die samehang tussen skoonheid, kuns en geloofservaring.

Gemeente Pretoria-Oos, Delyweg, Waterkloofpark

Kunswerk deur E Dreyer

28-29 10 2026

Gassprekers
- Prof HF (Hennie) Stander
- Prof E (Elfriede) Dreyer

Sub-temas
- Beeldende kuns, musiek, argitektuur, letterkunde

RSVP met betaling
- 12 Oktober 2026
- antoejvr@gmail.com

Konferensiefooi: R600
- Sluit versersings, 'n onthaal en WHT-lidmaatskap in.

Navrae
- Prof Wim Dreyer | wimdreyer@nhk.co.za
- Prof Johan van der Merwe | johan.vdmerwe@up.ac.za
- Dr Christo Pretorius | christo@pretoriafm.co.za
- Dr Antionette Janse van Rensburg | antoejvr@gmail.com

BARMHARTIGHEID

klik *hier*

Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor seniorbehuising en -versorging.

GEBED VIR DIE WEEK

Here, help my om beheer van my denke te neem deur doelbewus oor die waarheid van u Woord en alles wat reg is te dink. Leer my om te dink aan dinge wat lieflik en rein is, en nie dit wat lelik en verkeerd is nie. Stel my in staat om na goeie nuus te soek, en my nie blind te staar teen dit wat sleg is nie. Ek wil dink aan alles wat lofwaardig is, en alles wat eerbaar en reg is in u oë. Help my om elke dag te fokus op U en u Woord. Help my om te sien as ek iets doen of dink wat nie deel is van u perfekte wil vir my lewe nie.

Ek bid dit in Jesus se Naam.

Amen.

Uit: *Die krag van gebed wanneer jy vrees*, Stormie Omartian, 2018.

REDAKTEUR	SUBREDAKTEUR	KOÖRDINEERDER	UITLEGKUNSTENAAR	JOERNALIS
Ds David Barnard	Ds Mariët Robbertze	Mej Sanet du Plessis	Mnr Hugo van Niekerk	Ds Iwana Kruger